


# PROGRAM EN LITURGIE VAN EREDIENS

Janke Hurter is op 28 April 1998 in Bloemfontein gebore en het hier opgegroei en skoolgegaan. Sy het in 2016 aan die Hoërskool Jim Fouche matrikuleer en daarna aan die Universiteit van die Vrystaat die BDiv- en MDiv-grade behaal, asook die Nagraadse Diploma in Christelike Bediening – al drie kwalifikasies met onderskeiding. Haar skripsie vir haar M-graad het oor *“Die gebruik van musiek in aanlyn-aanbiddingsdienste tydens die Covid 19-pandemie”* gehandel en sy beplan om met haar doktorale navorsing in liturgie en kontemplatiewe spiritualiteit voort te gaan. Sy het haar Gemeentejaar (praktykjaar) in die NG Kerk Meer-en-See in Richardsbaai gedoen en is in November 2022 gelegitimeer as proponent vir die NG Kerk.

Janke het ‘n besondere liefde vir die natuur en maak graag ook self musiek (kitaar).

**Verwelkoming:** Oudl. Dave Samuel
(Voorsitter: Bestuursraad van Berg-en-Dal)

**Aansteek van ‘n Wydingskers**

**Wydingslied:** “Ons is almal hier tesaam” (Lied 164) – sittend

Ons is almal hier tesaam vergader in sy Naam,
verheerlik Hom.
Tot die dood was Hy getrou en daardeur is ons nou,
sy eiendom.
Kom ons leef soos wat Hy vra en leer mekaar verdra
en liefde na te streef.
Loof Hom, Christus, die Heer.

(herhaal)

**Aanvang van Erediens:** Ds. Johan Marais

**Votum en seëngroet**

**Eerste Loflied:** “Loof die Heer, Hy is goed” (Lied 212) – sittend

Loof die Heer, Hy is goed, loof sy heilige Naam;
laat alles in die groot heelal die Here loof.
<u>Refrein</u>: Ek wil die Here loof,
loof met my hele hart.
Hy gee hul wat roep, weer nuwe krag.

Hy’t my sonde vergeef en Hy maak my sy kind –
laat alles in die groot heelal die Here loof.
<u>Refrein</u>: Ek wil die Here loof ...

Loof, o hemel, die Heer, al die engele saam –
laat alles in die groot heelal die Here loof.
Refrein: Ek wil die Here loof ...

**Geloofsbelydenis:** Apostolicum (gemeente staande en hardop saam)

**Tweede Loflied:** "U goedheid, Heer" (Lied 200) – staande

U goedheid, Heer, kan ons nie peil nie –
wie word daardeur nie diep getref!
Niks anders bring vir ons die heil nie –
ons wil ons hart tot U verhef.
Aan U alleen ons dank en ere –
U wat ons in u liefde lei.
U sal ons nooit vergeet nie, Here –
U wil ons in u waarheid lei.

Sou ek o Heer, U nie vereer nie,
sou ek u goedheid nie verstaan?
Sou U my raad gee, ek nie leer nie,
die weg wat U my wys nie gaan?
Nee, Heer, U rig my wil en strewe;
u Woord bly my gedurig by.
Vul met u liefde ook my lewe
om my in alles U te wy.

**Gebed**

**Skriflesing:** Filippense 1:3-11

**Verkondiging:**

*"Ek dank my God elke keer wanneer ek aan julle dink. ...*
*... hiervan oortuig dat Hy, wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voltooi tot op die dag van Christus Jesus."*
(Filippense 1:6)

**Gebedslied:** "Leer my u wil, Heer" (Lied 528) – sittend

Leer my u wil, Heer, u doel met my –
U, Pottebakker, met my die klei.
Vorm my en maak my volgens u wil;
op U vertrou ek, nederig, stil.

U gee u gawes net soos U wil;
almal is diensbaar, elk met verskil.
Vul met u Gees my, breekbare kruik
dat U my oral, nuttig gebruik.

**Bevestiging:** Ds. Jan Lubbe

**Opdrag en dienswerk**

**Bevestiging:**

*"Is jy, Janke Hurter, oortuig dat dit God self is wat jou tot hierdie diens geroep het?"*

*"Aanvaar jy die Ou en Nuwe Testament as enigste, onfeilbare Woord van God, as die volkome leer van verlossing en verwerp jy alle leringe wat daarmee in stryd is?"*

*Belowe jy om jou amp en dienswerk volgens hierdie leer getrou en met die nodige vertroulikheid te vervul?"*

*"Beloof jy om jouself onder die kerklike toesig en onderlinge sorg te stel?"*

**Handoplegging**

**Seënbede:** “Laat Heer, u seën op haar daal” (Psalm 134) – staande

Laat, Heer, u seën op haar daal,
u guns uit Sion haar bestraal!
U wat beveel en dit geskied,
wil, Heer, u seën oor haar gebied.

**Kleiner kinders (Voorskools tot Graad 4) gaan saam met hul kategete na hul groepe**

**Gelukwensing namens Ring van Bloemfontein-Noord:** Ds. André Barlow

**Gelukwensing namens Kerkraad en Jeugbediening:** Oudl. Rikus van Pletzen

**Gelukwensing namens Gemeente van Berg-en-Dal:** Oudl. Germarie Adendorff

**Intrede:** Ds. Janke Hurter

**Epiklesegebed**

**Skriflesing:** Psalm 1

**Verkondiging**

*“Lewe is by God”*

**Gebed**

**Offergawes**

**Slotlied:** “Here, Redder, groot en magtig” (Lied 280) – staande

Here, Redder, groot en magtig,
U oorskou ons lewenspad.
In u liefde en genade
het U ook ons hand kom vat.
Heer, u leiding, bring bevryding –
U het ook my hand kom vat. (herhaal)

U, my Redder, groot en magtig,
U het my ook raakgesien.
Ek is feilbaar, swak, onseker,
tog wil ek U dankbaar dien.
Heer, u lyding, bring bevryding –
al ons skuld het U gedra. (herhaal)

Lei, ons Heer, na dié bestemming
in u Woord ons opgedra.
Laat ons leef met werk met vreugde
want dit sal volharding vra.
God, my Here – U is Here!
Vas kan ons op U vertrou. (herhaal)

**Seënbede**

**Amen.**